

Dinsdag 12 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 6:12-20; Heidelbergse Kategismus Sondag 10

	Fokusgedeelte: Hebreërs 6:12, 15
--	---

Hou geduldig vas aan die beloftes van die Here

Om geduldig in moeilike tye te bly, is 'n kuns. In ons teks word hierdie geduld deur geloof verduidelik. Die voorbeeld van Abraham word gebruik. Die belofte waarna verwys word, vind ons in Genesis 22:16-17. Toe Abraham vir Isak moes offer.

Dink net aan die geloofstryd wat hy en sy seun moes deurgaen. Tog het hy geduldig gewag op die Here se redding. Maar hoe het hy dit reggekry? Hy het aan die beloftes van die Here vasgehou. Vir baie mense beteken beloftes vandag nie veel nie, maar in daardie tyd het jy geweet as iemand iets met 'n eed belooft, sou hy dit doen. Dink net aan die eed wat in Rut deur Boas en die lossers gemaak is. Daar staan in Rut 4:7: "In Israel was dit gebruikelik by die lossingsprosedure of by die ruil van enige eiendom dat die een party 'n skoen uittrek en aan die ander party gee." Dit was 'n teken dat indien jy nie jou belofte nakom nie, verbeur jy jou reg om op die aarde te loop.

Die eed van 'n mens het reeds baie beteken. Nou maak die Here 'n belofte en bevestig dit met 'n eed. Dit staan bo alle twyfel vas, die Here sal sy belofte nakom. Dis waarom Abraham geduldig kon bly, hy het geweet die Here sal sy belofte nakom.

Dit is ook vir ons 'n aansporing, want ons plaas ons vertrouwe in die Here wat altyd sy woord gestand doen. Hy kan nie lieg nie (Num. 23:19) en Hy het die verlossing deur die geloof in Christus aan ons belooft (Joh. 3:16). Christus is ons voorloper na die ewige lewe.

Jou troos is vas en seker. Leef daardeur en bly geduldig selfs in die moeilikste tyd. Jy kan dit regkry deur aan die Here se belofte vas te hou.

Sing: Skrifberyming 12-2:1-3

Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)